

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 26 Sep 2018
Page: 7

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1




**Tuks se judo-span het die vierde jaar in 'n ry die Suid-Afrikaanse studentejudokampioenskap gewen. Agter staan Christiaan Heystek, Devan Stemmet, Asher Binder, Jaydi Stemmet, Willem Truter en Nikola Filipov (afrigter). In die middel is Jeandré Brand, Leanco Stans en Bea Meiring. Heel voor is Christiaan Boshoff.** Foto: ILZE WICKSELL

# Tuks se judo-span kraai weer koning op die mat

**Wilhelm de Swardt**

Tuks se judo-span is die afgelope naweek in Kaapstad vir die vierde agtereenvolgende jaar as die algehele kampioen op die Suid-Afrikaanse studente-judokampioenskap gekroon.

Spanlede het ook die individuele kompetisie oorheers deur agt goue medaljes en vier silwermedaljes te verower.

Die rol wat die voormalige Olimpiese judoka van Bulgarye, Nikola Filipov, gespeel het om die wenkultuur by TuksJudo te vestig kan nie gering geskat word nie. Hy is die afgelope 11 jaar die hoofafrigter.

Filipov het 'n reputasie opgebou as een van dié sport se harde manne. Wanneer dit by judo kom, is iets óf reg óf verkeerd. Daar is nooit grys nie. Elke judoka wat Filipov afrig, besef terdeë dat absolute toewyding 'n voorvereiste is.

Dié ongenaakbare houding het talle judokas van frustrasie teen die mure uitgedryf.

Vele trane is al gestort, maar Tuks se kampioene is gou om te vertel dat hulle niemand anders langs die mat wil hê wanneer hulle by belangrike gevegte betrokke is nie.

Filipov is glo 'n meester om 'n teenstander se sterk en swak punte binne sekondes te identifiseer en met 'n teenvoeter vorendag te kom. Hy glo dat sukses op die judomat net van een ding afhang en dit is daardie hongerte om die beste te wees.

"In judo gaan dit nooit oor hoe perfek jy tegnieke kan uitvoer nie en ook nie hoe fiks en sterk jy is nie," sê Filipov.

"By groot byeenkomste is almal fiks en sterk. Om 'n kampioen te word moet jy bereid wees om jouself elke dag tot die uiterste te druk. Dit is nie altyd maklik nie, maar as jy vasbyt, sal jy die vrugte pluk.

"Vertroue is ook vir my van kardinale belang. Judokas moet glo dat ek hul belange op die hart dra met elke besluit wat ek neem."

Tuks se gouemedaljewenners is: Jaydi Stemmet (o.66 kg), Devan Stemmet (o.73 kg en ope o.73 kg), Christiaan Boshoff (o.81 kg), Jeandré Brand (o.52 kg en o.57 kg), Bea Meiring (o.78 kg en ope).

Christiaan Heystek (o.73 kg), Christiaan Boshoff (ope o.81 kg), Asher Binder (o.100 kg) en Leanco Stans (o.63 kg) het silwermedaljes verower.

Stans se vertoning verdien vermelding. Verlede jaar is sy as een van Suid-Afrika se belowendste jong vrouestoeiers beskou. Sy het 'n beurs van die internasionale stoeiliggaam, Verenigde Wêreldstoei (UWW), gehad om vir ses maande saam met die bestes in Finland te oefen.

Nadat sy nie vir die Statebondspele-span gekies is nie, het sy besluit dit is tyd om 'n nuwe uitdaging aan te durf.

Jaydi Stemmet kan daarmee spog dat hy oor die naweek die vinnigste met 'n teenstander klaargespeel het. In een geveg het hy net vier sekondes benodig om 'n ippon (maksimum punte) aan te teken.

Bea Meiring was self blitsig. Sy het een van haar gevegte in vyf sekondes gewen.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.